

# BEATRYS

Montgomery Ward

ZA 839-112.2  
BEATRYS

BEATRYS—  
'N MIDDELEUISCHE JEWEL

—  
—  
—  
—



2339876

DIE MONUMENT-REEKS.

In Serie populär-wetenskaplike boeties oor al die aspekte van ons Afrikaanse Kultuurlewe; geskiedenis, godsdiens, letterkunde, opvoedkunde, taalkunde en kurs.

- |           |  |     |
|-----------|--|-----|
| No. 1     | Die Geboorte van Suid-Afrika.<br>'n Simboliese toneelspel, deur W. Hessels                                       | 2/- |
| No. 2/3   | Trevoëls.  | 2/- |
| No. 4     | deur Scangiro — — —<br>Oom Gideon ontmoet die Voortrekkers.  | 3/- |
| No. 5/6   | deur J. van Melle<br>Die Afrikaanse Psalmberyming.   | 2/- |
| No. 7/8   | deur Dr. G. Dekker<br>Die Epos van Trichard en Van Rensburg.   | 3/- |
| No. 9     | Dr. Manfred Nathan<br>Beetrys, 'n Middel-eeuse Juweel — — —  | 2/- |
| No. 10/11 | In Afrikaans oorvertel deur Dr. P. C. Schonées,<br>Opstelle oor Poësie   | 2/- |
| No. 12    | deur H. A. Mulder —  | 3/- |
| No. 13/14 | Nog in bewerking.<br>Die Nuwe Testament  | 3/- |
| No. 15/16 | deur die euse bewaer,<br>Prof. Dr. E. P. Groenewald — — —<br>Die Moderne Opvoeding, deur Prof. Dr. J. C. Coetzee | 3/- |

Uitgewers:


J. L. VAN SCHAIK, BPK,  
Librigebou,  
Posbus 724, — — — PRETORIA.

# BEATRYS — 'N MIDDELEUSE JUWEEL

In Afrikaans Oorvertel

deur

Dr. P. C. SCHOONEES.




J. L. VAN SCHAIK, BEPERK, PRETORIA  
1939

## *Ter Inleiding.*

Waaron moet die skitterendste juweel van die Middelnederlandse letterkunde sy glans alleen versprei onder 'n klein kringetjie vakgeleerdes? Dit is die gedagte wat my aangespoor het om die wonderskone Beatrijs-legende oor te vertel in Afrikaans. Die verhaal is so eenvoudig, dat dit die hart van elke leser diep moet raak.

Soos baie ander digters uit die middeleeue, het ook hierdie een, ten spyte van naarstige ondersoekings, onbekend gebly. Die digter van Beatrijs het dan ook nie eie-eer gesoek nie, soos ons uit die aanhef kan sien. Hy het goed geweet dat daar min voordeel te haal is uit versies-maak, maar hy het sy verhaal opgeteken ter ere van die Moedermaag, Maria.

In die tyd toe die Beatrijs gedig is (eerste helfte van die veertiende eeu) het die christelike godsdienst feitlik bestaan uit Maria-verering. Maar ofskoon ons al lankal afstand gedaan het van Roomse dwaalbegrippe, tog behou hierdie gedig vir ons sy volle waarde. Ons ontmoet daar in 'n vrou, wat ter wille van haar liefde alles kan opoffer, behalwe haar godsdienst. En dit is deur haar liefde tot God, geopenbaar deur die tussenkom van Maria, dat sy uiteindelik opgehef word uit die diepste moerasse van die sonde. Geweldig isinderdaad die stryd tussen die geestelike liefde van die non Beatrijs en haar aardse hartstog. Laat ons met inge, toegewyde aandag luister na hierdie eenvoudige verhaal, so lank gelede vir ons opgeteken deur 'n waargtige kunstenaar.



— Gedruk in Pretoria en uitgegee deur —  
J. L. van Schalkwijk, Bpk., Litgewers, Pretoria.

Ek vertrou dat die Afrikaanse bewerking baie lezers sal aanspoor om die oorspronklike gedig te gaan lees. Belangstellendes moet ook nie versuum om kennis te maak nie met die skone vertolking van die legende in versvorm deur die Nederlandse digter, P. C. Boutens.

P. C. S.

I.

Min voordeel is daar uit versies-maak te haal;  
my vriende raai my aan om dit te laat staan en my ge-  
moed nie daarmee te pynig nie. Maar om die genade  
van Haar, wat moeder geword en tog jonkvrou ge-  
bly het, het ek begin om 'n skone mirakel te vertel, wat  
God sonder twyfel laat gebeur het, ter ere van Maria  
aan wie se bors Hy gelê het.

Ek wil vertel van 'n non; mag God my vergun  
om my taak behoorlik te volbring en die reine waar-  
heid te praat, soos ek alles gehoor het van broeder  
Gysbrecht uit die klooster van die Heilige Willem.  
Hy, 'n ou bejaarde grysbaard, het dit in sy boekie gekry,  
Die non van wie ek wou vertel, was fyn van man-  
niere en rein van sede; ek twyfel of 'n mens makklik  
nog een sou kry, aan haar gelyk in skoonheid van ge-  
daante of reinheid van sede.

Maar dit sou my nie betaam om veel te sê oor die  
skoonheid van haar liggaam nie; ek wou eintlik vertel  
watter soort werk sy lange jare gedoen het. Sy was  
kosteres in die klooster, waarin sy die opperkleed ge-  
dra het. Bedags sowel as snags het sy ywerig en  
fluits haar pligte vervul; stip op die regte tyd het sy

die klok getu, vir die lampe en die kerklike versiersels gesorg en smorens al die kloosterlinge wakker gelui vir die eerste lofdiens.

Hierdie jonkvrou se hart was vol liefde — die liefde wat soveel wonderwerke laat geskied deur die hele land. Soms veroorsaak dit skandé en verdriet; soms blydskap en alles wat goed is. Die liefde maak die wyse so dwaas, dat hy, of hy nou wil of nie, dit moet beroou; en meer as een word so deur die liefde beheers, dat hy nie weet of hy moet praat of swyg om die soetheid daarvan te smaak nie. Baie, wat gevah het, mag nie opstaan, voordat dit die liefde goeddunk nie. Onder die invloed van die liefde word die gierig-aard mild en gee hy weg, wat hy anders net vir homself sou gehou het.

Jy kry egter ook mense wat so trou is, dat die liefde hulle weelde, vreugde en smart met mekaar laat deel — dis die soort gevoel wat ek troue liefde noem! Ek sou nie kan sê hoeveel geluk en verdriet uit die liefdesfontein vloeい nie. Daarom mag jy ook nie die non veroordeel, omdat sy die liefde wat haar gevange gehou het nie kon ontgaan nie. Die duiwel begeer mos altoos om die mense te verlei en hy hou nie op nie, dag en nag, vroeg of laat om sy doel te bereik. Soos hy dit maar alte goed regkry, het hy die arme non deur listige skelmanstreke so laat hunker na vleeslike lus, dat sy amper van verlange gesterf het. Sy het die Here aangoeroep en Hom gesmeek om haar te vertroos deur Sy genade. Sy bid: "Ek is so in die mag van die liefde, my hart is so gewond, dat Hy, die kenner van die hart,

vir Wie daar nikks verborge kan bly nie, weet, dat ek deur my sielekrankheid van die regte pad sal dwaal, Ek moet 'n ander lewe lei; ek moet my kloostergewaad afle."

## II.

Luister nou hoe dit later met haar gegaan het. Sy stuur die jongman vir wie sy so'n groot liefde koester, 'n vriendelike brief, met die versoek om dadelik na haar te kom; die saak was van groot belang. Die jongeling lees sy vriendin se brief en groot was die blydskap in sy hart. Dadelik het hy hom klaargemaak vir die reis. Reeds van hul twaalfde jaar af het die twee jongmense mekaar liefgehad, en daarom al baie smarte verduur.

Hy ry, so gou as dit vir hom moontlik was, na die klooster om haar te soek. Hy gaan voor 'n venstertjie sit om die oomblik af te wag waarop hy met sy lief kon praat. Lank het sy nie gedraai om na die venstertjie te kom nie, waaroor daar ystertralies was. Hy buite, sy binnekant! Hoe het die twee geliefdes nie gesug nie, want magtig het die liefde in hul harte gebrand. Lank het hul so gesit; ek sou jou nie kan sê hoe dikwels sy gebloos het nie.

"Ai my," sê sy, "dierbare vriend, my uitverkore lief, hoe seeer voel my hart tog! Praat tog 'n paar woord-

jies met my om my op te beur; ek wil tog so graag deur jou getroos word! Die pyl van die liefde steek in my hart en laat my groot smart ly; nooit sal ek my weer kan verheug nie as jy nie die pyl kom uittrek nie."

Ontroerd antwoord hy: "Jy weet allerliefste, dat ons al ons hele lewe lank mekaar liefhet. Nog nooit eers het ons 'n rustige kansie gehad om mekaar te soen nie. Mag God die Here, vrou Venus, die godin, verdoem omdat sy ons die liefde gegee het en ons nou soos twee mooi blomme laat verwelk en verdor. As ek jou maar kon beweeg om die kloosterkleed af te lê!  
en 'n tyd bepaal om jou hier weg te voer, dan sou ek wegry en alles klaarmaak: kosbare wolklike met bontwerk uitgevoer, mantel, rok en oorkleed. In die hoogste nood sal ek jou nie begeef nie; met jou wil ek ter gemoet gaan lief en leed, soet en suur; neem my trou tot pand!"

"Uitverkore vriend," antwoord die jonkvrou, "hierdie pand wil ek graag van jou ontvang en so ver met jou gaan, dat niemand in hierdie klooster sal weet, waar ons beland het nie. Kom vanaand oor...agt...nagte terug en wag my op buite in die tuin onder die eglantier (wilderossboom). Wag daar, totdat ek uitkom om jou bruid te wees, om te gaan net waar jy wil; tensy siekter my verhinder of ander sake wat vir my te swaar is, sal ek sekerlik daar wees. Ek begeer vurig om jou daar te ontmoet, edele jonkman."

Hul beloof mekaar dit plegtig. Hy neem afskeid, loop weg na sy opgesalteerde perd en ry op 'n stappie

oor die veld, stadwaarts, terwyl hy langs die pad gedurig aan sy lief dink. Die volgende dag gaan hy die stad in; hy koop kosbare blou en skarlaken stowwe, waarvan hy 'n mantelkap laat maak. Ook koop hy 'n rok en oorkleed wat hy met keurige voering laat bwerk; niemand het ooit 'n vrou mooier bontwerk sien gedra nie: almal wat dit sien moes dit prys. Ook koop hy messe, gordels en geldsakke, duur en mooi; kappies, goue ringe en allerhande sierade. Orals vra hy uit om presies te weet wat tot die uitset van 'n bruid behoort. Vyf honderd pond neem hy saam en op sekere aand ry hy stillettjes die stad uit. Al sy kosbaarhede het hy versigtig op sy perd gelaai. So ry hy weg na die Klooster se tuin, en onder die eglantier gaan hy op op die gras sit en wag tot sy lief sou uitkom.

### III.

Nou vertel ek verder hoe dit met die mooi nooienvanje gegaan het. Voor middernag lui sy die mette; die liefde het haar swaar pyn laat ly. Toe die mette klaar gesing was, deur almal, oud en jong wat in die klooster was, en hul weer die laaste een teruggegaan het na die slaapsaal, bly sy alleen in die koor by die altaar agter om soos gewoonlik haar gebed op te sé. Sy kniel voor die altaar en ontoeroerd bid sy: "Maria, soete lieve Moeder, my liggaam sal dit nou nie lank meer in die

kloosterkleed kan uithou nie; U ken wel altoos die mensehart tot in sy diepste wese: ek het gevass en gebid en myself gekasty. Al die kwelling was vermet; die liefde se mag oor my is so groot, dat ek die wêreld moet dien. So waarlik as U, liewe Here, gehang is tussen twee diewe en aan die kruis gepynig is en U Lazarus opgewek het toe hy dood in sy graf gelê het, so moet U my nood ken en my my misdaad vergewe: in sware sonde moet ek tot 'n val kom."

Na hierdie gebed gaan sy uit die koor tot 'n Mariabeeld, waarvoor sy kniel en weer bid: "Maria," bid sy sonder skroom, "nag en dag het ek U met gebroke hart my verdriet gekla en niks het dit my gebaat nie. Ek sal krank van sinne word as ek nog langer hierdie kloosterkleed moet dra." Haar wit kloosterkleed en kappie haal sy daar af en lê dit op die altaar van ons Vroue, en ook haar skoene trek sy uit.

Hoor nou, wat sy gaan doen! Die sleutels van die sakristie (kleedkamer) hang sy by die beeld van Maria op en ek sal jou ook vertel waarom sy dit huis dâr ophang: sodat as hul vroeg in die oggend, met priemtyd (tyd vir sekere gebede) daarna soek, hul dit maklik kon kry. Dis wel goed om altyd, as jy voor die beeld van Maria verbyloop, jou oë daarheen op te hef en "ave" te sê voor jy weggaan. Aan die "Ave Maria" is die non gedagdig toe sy die sleutels daar ophang.

So gaan sy daarvandaan omdat sy nie anders kan nie, met net 'n growwe onderkleed aan totdat sy kom

by 'n deur, wat sy saggies oopsluit. Heimelik, stiljetjies sonder 'n geluid gaan sy na buite. Bang-bang loop sy na die boord waar die jong man haar gewaar word en sê: "Liefie, moenie bang word nie, dis jou vriend wat jy hier sien." Toe hulle bymekaar kom begin sy haar te skaam, omdat sy net in haar onderklere staan, met blote hoof en kaalvoet. Die jonkman sê: „Mooi noontjie, pragtige gewade sou jou beter pas; moenie vererg op my wees omdat ek dit sê nie, want ek sal jou dit sommer dadelik gee." Hulle gaan toe onder die eglantier staan en van alles wat sy nodig het gee hy haar genoeg. Hy bied haar die klere aan en sy trek 'n sierlike blou rok aan, wat haar mooi gestalte net pas.

Vriendelik kyk hy haar aan en sê: "Liefste, hierdie hemelsblou lyk darem baie mooier as daardie grys-rok." Sy trek ook kouse aan en skoene van die fyntse leer wat haar mooi voetjies baie beter laat lyk as die klooster se sandale. Om haar hoof bind sy 'n wit sy doek. Toe soon die jongman haar saggies op die mond, en terwyl sy daar so voor hom staan, lyk dit of die helder daglig meteens verskyn.

Haastig gaan hy na sy perd en sit haar voor hom op die saal. Hulle trek toe saam weg en ry totdat die son opkom, sonder dat hul vlug opgemerk word. Toe dit begin lig word in die ooste sê sy: "God, U wat die wêreld se troos is, bewaar ons tog nou; ek sien die dag aanbrek. As ek nie met jou, my lief, weggegaan het nie, sou ek nou priemtyd lui, soos ek jar-

lank dit in die klooster gedoen het. Ek is bang, dat ek spyt sal kry oor hierdie weggaan. Die ou wêreld is tog so vol ontrou; al het ek nou 'n wêrelding geword, ek weet dat die wêrelde mense net soos 'n slim smous is wat onegte ringe vir die swiwerste goud verkoop."

"A nee, wat sê jy tog, liefste! As ek ooit jou verlaat, mag God my dan straf! Waarheen ons ook mag gaan, nimmer sal ek jou verlaat nie—net die dood sal ons kan skei. Hoe kan jy aan my twyfel? Jy het tog niets in my gesien wat jou kan laat dink dat ek jou kwaai of vals sou behandel nie? Vandal ek jou liefhet, sou ek selfs geen keiserin in my gedagte kon ge-  
kry het nie. En al sou ek so 'n hoë vrou kon win, my lief, ek sou jou tog nie vir haar verlaat nie, daarvan kan jy seker wees. Ek het vyf honderd pond skoon silwer van die fynste gehalte by my; daarnee kan jy maak wat jy wil. Al trek ons ook na vreemde lande, dit sal nie nodig wees om iets te verpand nie, want ons het genoeg geld vir sewe jaar."

Op 'n matige draffie ry hul die môre 'n bos in, waar die voëltjies so vrolik kwetter en sing dat 'n mens dit orals kon hoor. Elke voëltjie jubel sy eie deuntjie, en op die groen gras gaan die blommetjies liefflik en welriekend ope. Die lug is helder en fris. Baie hoë bome staan daar, met digte, sware lommel. Die jongman kyk na die skamerige nooi wat hy so trou liefhet en sê: "Liefling, sal ons nie op hierdie mooi plekje afklim om blomme te pluk en die liefdespel te speel nie?" Dit sal regtig heelilik wees."

"Wat sê jy, onbeskaamde kêrel? Sal ek op die veld afklim soos 'n gemene vroumens wat geld win met haar liggaam? Dan sou ek tog regtig min skaamte gehad het! Jy sou soiets nie gesê het, as jy nie sommer 'n gemene kêrel was nie! Ek kan gerus spyt kry oor my weggaan; jy het Gods straf verdien, deur hierdie plan van jou. Bly nou verder stil en luister hoe die voëltjies sing en jubel, dan sal die tyd jou nie vervaal nie. As ons eers alleen bymekaar is in die heiligdom van ons eie slaapvertrek dan kan jy jou hartewens kry. Maar daar is nou droefheid in my hart oor jou voorname."

365

"Moet tog nie kwaad wees nie, liefling. Dis Venus wat my so aangeheids het. God kan my gerus swaar straf, as ek weer met jou hieroor praat."

"Goed, dan vergeef ek jou, want van al die mense onder Gods hemel is jy my enigste troos. Al sou die skone Absalom nog leef en ek seker was dat ek duisend jaar met hom kon saamwoon in sorgeloze weelde, dit sou my tog nie die ware vrede gee nie. Jou het ek so lief, dat niemand my die eis moet stel om jou te vergeet nie. As ek in die hemel vertoeft en jy hier op aarde was, ek sou dadelik na jou kom. Ag Here, straf my tog nie oor hierdie dwarse woorde nie; die kleinste vreugde in die hemel kan mos nie vergelyk word met die grootste blydskap hier op aarde nie! Dâar is die kleinste dingetjie só volmaak, dat niks anders die siel voldoening skenk nie, as om God sonder end lief te hê." Al die aardse dinge is ellendig; dit het nie die geringste waarde vergeleke by die allerminst daarbo nie. Die mense

is wys, wat na die hemelse blydskap strew; ek weet dit maar alte goed, al is ek self op die dwaalweg van die sonde deur my liefde vir jou.

Op hierdie manier gesels hul met mekaar. Hulle oor berge en dale, en ek kan nie alles vertel wat daar met die twee gebeur het nie. Hulle reis verder, tot by 'n stad, mooi geleë onder in 'ndal. Daar het dit hulle so goed beval, dat hul sewe jaar in die grootste weelde en singenot geleef het. Twee kinders is hul in die stad gebore.

#### IV.

Toe egter na hierdie sewe jaar al hul geld opge-  
teer was, was hul verplig om hul besittings te verpand.  
Klere, sierade en perde moes hul teen halfprys ver-  
koop en gou-gou was alles opgebruik.

Toe het hulle nie meer geweet wat om aan te vang nie; sy kon nie spin om haar brood te verdien nie. Alles word baie duur in die land: voedsel, wyn, bier en alle kossoorte. Hulle sou baie liewer van homer omgekom het as om te bedel. Die armoede laat verwydering tussen hulle kom, al kry die man spyt daaroor. Tog was dit hy wat eerste ontru gpleeg het want, ten spyte van sy plegtige beloftes, trek hy terug na sy eie land en laat haar in die grootste ellende agter. Nooit het sy hom later weer gesien nie; sy het agtergely met haar twee kinders wat albei besonder mooi was.

U 33 Sy sê by haarsel: „Wat ek altoos gevrees het, het my nou oorgekom; hier sit ek met my groot verdriet. Hy, aan wie ek my met opregte trou gegoe het, het my verlaat. Maria, Lieve Vrou, as dit U behaag, bid vir my en my twee kinders, sodat ons nie van hom sterwe nie. Wat moet ek, arme ellendige vrou, doen? Ek moet beide siel en ligmaam met sondige dade bevlek, Maria, staan my by! Al kon ek ook spin, ek sou in twee weke nie eers een brood daarmee verdien nie. In my uiterste nood sal ek verplig wees om buite-kant die stad op die veld te gaan geld win met my ligaam om kos te koop. Elk mag in geen geval my kinders in die steek laat nie.”

Onder sulke omstandighede het sy 'n sondige lewe begin te lei, want dis maar alte waar dat sy sewe jare as publieke vrou geleef het. Sy het baie sondes gepleeg wat haar met die uiterste walging vervul het, want dit het haar glad geen singenot verskaf nie; sy het dit net gedoen om 'n verdienstetjie te kry waarmee sy haar kinders aan die lewe kon hou. Waaron sou ek al die skandelelike sondes vertel, waaraan sy haar al die tyd skuldig gemaak het?

Maar nooit in haar grootste verdriet het sy nage-laat om elke dag trou die sewe gebede ter ere van die Heilige Maag te lees nie. Sy het dit gelees tot lof en eer van Maria, sodat sy kon verlos word uit die sondige lewe, waarin sy nou al so lang verkeer.

gegee, soos Theophilus, een van die ergste sondaars, wat beide siel en liggaaam aan die duiwel verkoop het en die Satan se vasaal geword het. Nogtans, vroue, het U hom verlos. Al is ek 'n sondige vrou—maar ook verlate in my ellende—hoe skandelik ek ook geleef het, gedenk daaraan. Vroue, dat ek altoos 'n gebed tot U eer gelees het. Toon my U genade, ek is een wat baie bedroef is en U hulp tog so nodig het! Maar dit wil ek tog sê; nog nooit het iemand onbeloon gebly nie, wat U, edele Maag, elke dag met 'n Ave Maria groet het. Die wat u gebed graag lees, kan sekerlik heel van u verwag. Vroue, hoe aangenaam was dit U nie toe U Seun U by Nasaret gesoek en U daar met 'n boodskap begroot het, soos 'n bode nog nimmer gehoor het nie! Daarom klink dieselfde woorde U so lieflik in die ore, dat U elkeen dank betuig, wat U daarmee begroet. Al was hy versrik in die sonde, U sou genade vir hom verkry en hom voor U Seun vrypleit.

#### V.

Toe veertien jaar om was het God so'n groot vrou in haar hart gewek, dat sy liewer haar hoof met 'n swaard sou laat afslaan het, as om nog langer, soos haar gewoonte was, met haar liggaaam sonde te doen. Dag en nag huil sy so, dat haar oë selde droog was en sê: „Maria, U wat God gesoog het, fontein van alle saligheid, bo alle vroue geseën, laat my nie in hierdie ellende verkeer nie. Ek roep U, Liewe Vrou, tot getuije, dat my sonde my berou en my baie bedroef. Ek het so baie sondes bedryf, dat ek regtig nie meer weet waar, of met wie ek almal bedryf het nie. Helaas! Wat sal daar van my word? Ek mag wel die laaste oordeel vrees; God sal sy oë van my afwend, daar waar alle sondes openbaar sal word, van die armes en die rykies, en al die misdade gestraf sal word as dit nie vooraf gebieg is en daar geen boete voor gedoen is nie. Ag! ek weet dit tog so goed en daarom word ek deur grote vrees beangstig.

Al sou ek elke dag 'n harige boetekleed dra en op hande en voete daarmee van land tot land kruip sonder skoene aan my voete, nogtans sou ek nie van sondevry word nie, as U, Maria, fontein van alle deugde my nie vertroos nie. Meer as een het U al vreugde

#### VI.

So het sy elke dag gebed en gekla. Sy neem 'n kind in elke hand en trek met hulle deur die land. Van die een plek na die ander gaan sy in armoede en sy leef van aalmoese. Sy dool rond totdat sy weer die klooster kry, waar sy non gewees het. Laat in die aand kom sy by 'n weduwee se huis, waar sy om Gods wil her-

berg vra vir die nag. „Ek sou jou dit kwallik kan weier,” sê die weduwee, „met jou klein kindertjies. Dit lyk vir my of hulle moeg is. Sit en rus ‘n bietjie; ek sal met jou deel, wat onse Here ter ere van Sy liewe Moeder my verleen.”

Daar bly sy dus met haar kindertjies, en sy wou graag uitvind hoe sake in die klooster staan. „Sé tog vir my, goeie vrou, is hierdie klooster ‘n nommeleuster?”

„Ja, dis reg,” antwoord die weduwee. „Ek kan jou verseker dat dit pragtig en baie ryk is. Nêrens kry jy een daaraan gelyk nie. Van geen enkele van die nonne wat daarin habyt dra, het ek ooit die minste skinderpraatjies gehoor, wat ‘n klad op hulle goeie naam konwerp nie.”

Sy wat daar by haar kinders sit, sê: „Hoe kan u dan so praat? Ek het in die laaste tyd so baie praatjies gehoor oor ‘n non, wat soos ek verstaan, daar kosteres was. Wie my dit vertel het, het seker nie gelieg nie. Veertien jaar gelede het sy heimlik die klooster verlaat en niemand het ooit geweet waar sy heengaan, of in watter land sy gesterf het nie.”

Toe word die weduwee kwaad: „Dit lyk of jy kletspraatjies verkoop! Hou op om op hierdie manier oor die kosteres te praat, of jy bly nie langer in my huis nie. Sy is hier vir meer as veertien jaar kosteres gewees en in al dié tyd het sy nie eemnaal die mette versuum nie, of sy moet siek gewees het. Wie iets anders as goed oor haar praat, moet slechter wees as ‘n

hond. Sy is so rein van gemoed as ‘n mens maar van ‘n non kan verwag. As jy al die kloosters tussen die Elbe en Gironde deursoek, dan glo ek nie dat jy een non sal kry wat vromer van geaardheid is nie.”

Baie wonderlik het hierdie woorde geklink in die ore van haar wat so lank in sonde geleef het. „Vroue,” sê sy, „vertel my tog hoe haar vader en moeder heet?” Die weduwee noem albei name en toe weet die afgewaalde dat daar van haar gepraat word.

Hoe het sy nie stillettjies op haar bed lê en huil nie! „Ek besit niks anders as ‘n diepe berou in my hart nie” so bid sy. „Kom my tog te hulpe, Maria. Ek jammer so oor my sonde, dat as ek ‘n brandende oond stien, by die bek waارvan die vlamme gloeiheet uitslaan, ek dadelik daarin sou kruip om maar van my sonde ontslae te raak. Here, U het die wanhoop vervloek—daarop wil ek my verlaat. Ek bly nog steeds op genade hoop en al beef ek partymaal van angs, ek weet dat sedert U op die aarde gekom het, en mens geword het om aan die kruis te sterwe, nog nimmer een sondaar, al het hy ook hoe swaar gesondig, na die verderf gegaan het nie. Wie met opregte berou genade gesoek het, het dit gekry, al het hy ook laat gericom, soos duidelik blyk uit die geval van die twee sondaaars, wat aan U regterhand gehang het. Dit is vir ons ‘n groot troos dat U hom straffeloos aangeneem het. Oprechte berou kan alles oorwin — dit is wat hierdie geval ons leer. U het gesê: „Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy met My in die paradyss wees.“ Dit was ook duidelik, Here, dat Gisemas, die moordenaar,

uiteindelik om genade gesmeek het, sonder dat hy U skatte of goud aangebied het; hy het nie anders besit as berou oor sy sondre nie. Ondeurgondelik is U barmhartigheid; 'n mens kon net so wel probeer om die see op een dag leeg te skep en droog te maak tot op sy bodem. Dus was 'n sonde nog nooit so groot nie, vrouwe, of U genade was groter. Waarom sou U barmhartigheid my dan verstoot, terwyl ek soveel berou het oor my sonde?"

Terwyl sy so bid, bekruip die vaak haar, en spesdig raak sy rustig aan slaap. Maar in 'n visioen het sy gemeen dat 'n stem haar roep en aan haar sê: "Mensekind, jy het so lank gekern, dat Maria, haar oor jou onferm het. Sy het vergiffenis vir jou affermseek. Gaan haastig na die klooster; jy sal die deure oop vind, waarskyns jy indertyd die klooster ontvlug het met jou lief, die jongeling, wat jou in jou nood verlaat het. Al jou klere sal jy weer op die altaar kry; sluier, kapmantel en skoene kan jy maar gerus weer aantrek. Dank Maria uit die grond van jou hart hier voor; die sleutels van die sakristie, wat jy voor Haar gehang het in die nag toe jy gevlug het, het Sy so goed laat bewaar, dat niemand in die veertien jaar van jou afwesigheid jou ooit gemis het nie. Maria is jou sowel gesind, dat Sy al die tyd vir jou die diens waargeneem het—volkome in jou gedaante! Dit het die Heusele vroue, vir jou, o sondares, gedoen. Sy beyeel jou nou om na die klooster te gaan; jy sal niemand op jou bed vind nie; dit is namens God dat jy so toegespreek word."

## VII.

Kort daarna ontwaak sy uit haar slaap en sê: "Almagtige God, laat tog nie toe dat die duivel my in groter verdriet bring as wat ek al ondervind het nie. As ek nou na die klooster gaan en as die vegge gevango word, dan sou my skande nog groter wees, as toe ek eers weggevlug het. Ek smeek U, Goeie God, terwille van die kostlike bloed wat uit U sy gevloei het, om as die stem wat my geroep het werklik in my voordel is, dit nog 'n slag te laat kom, en ook vir die derde keer sodat ek sonder die geringste twyfel na die klooster mag gaan. Ek salimmer Maria daarvoor seën en loof."

Die volgende nag het die stem weer tot haar gekom. „Mensekind, jy talm te lank! Gaan terug na jou klooster—God sal jou help; doen wat Maria jou gebied; ek is haar bode, moet tog nie daaraan twyfelinne."

Nou het sy vir die tweede maal die stem gehoor wat haar gebied om na die klooster te gaan. Maar sy durf dit tog nog nie doen nie. Sy wag nog die derde nag en sê: „As dit bedrog is van bose geeste wat ek hoor, dan wil ek so gou as moontlik die duivel se magte niet doen. As hy hier in die nag kom, Here, verwil-

der hom dan so, dat hy uit die huis vlug en my geen kwaad kan doen nie. Maria, staan my nou by; ek smeek U, vroue, om my die stem 'n derde maal te laat hoor."

Die derde nag het sy wakker gebly. Vergesel van 'n helder lig het daar 'n stem van God gekom: "Dis nie goed dat jy My bevel nie uitvoer nie en nalaat om te doen wat Ek jou deur Maria beveel. Dit kan gebeur dat jy miskien te lank wag. Gaan sonder aarseling na die klooster; die deure sal jy wyd ope kry, sodat jy kan gaan net waar jy wil. Jou habbyt sal jy op die altaar terugvind." Toe die stem dit gesê het, kon die sondares die helder skynsel met haar eie oë sien. „Nou hoef ek nie langer te twyfel nie, dat hierdie stem van God kom en die bode is van die Maag Maria. Nou weet ek dit regtig, want so glansend is die lig, dat ek nie langer mag talm nie. Ek sal na die Klooster gaan met 'n vaste vertroue op onse Lieve Vroue, en my twee kindertjies sal ek opdra aan die genade van God onse Vader; Hy sal hulle trou bewaar.

Sy trek toe haar klere uit en gooi haar kinders daarmee toe, saggies om hul nie wakker te maak nie. Sy soen hulle op die mond en sê: „Kindertjies, bly gesond; in die vaste vertroue op Maria se hulp laat ek julle hier agter. As dit nie 'n dringende bevel van Maria gewees het nie, sou ek julle nooit, selfs nie vir al die skatte van Rome, verlaat het nie.

Luister na wat verder sal gebeur.

### VIII.

Diep bedroef gaan sy na die klooster—moedersiel allenig.

Toé sy in die tuin kom vind sy dadelik die deur oop. Sonder om te aarsel gaan sy in. „Ek dank U, Maria, dat ek weer binne hierdie mure is. Mag God my tog verder lei!" Net waar sy kom, staan die deure wawyd oop voor haar. Sy gaan toe die kerk in en bid saggies: „Here God, ek bid U ernstig, gee my tog weer die klere wat ek veertien jaar gelede op die altaar van Onse Lieve Vroue neergele het, in die dag toe ek hier weggevlug het."

Wat ek nou sê is die reine waarheid; sy kry haar skoene, wit mantel met kappie en haar sluier presies op die plek waar sy dit neergesit het. Haastig trek sy dit aan met die woorde: „Geloof sy God in die hemel en Maria, geseënde Jonkvrou, die blom van alle deug. In U reine maagdelikhed het u sonder wee 'n kind geda, wat ewiglik Here sal wees. U is 'n uitverkore skat, U kind het hemel en aarde geskape. U mag kom van God, en altoos is dit tot u beskikking. Oor die Here, wat ons broeder is, mag U beskik en Hy mag U noem: Lieve Dogter. Dit gee my rus en vrede. Wie by U genade soek, sal dit kry, al kom hy ook laat. U

hulp is baie groot; al was ek diep ongelukkig, U het dit so verander dat ek nou bly kan wees. Waarlik ek kan u naam seën!" En waarlikwaar, die sleutels van die sakristie sien sy voor Maria hang, net waar sy dit self opgehang het. Nadat sy dit aan haar klere gehang het, gaan sy in die koor, waar sy in al die hoeke die lampe holder aan die brand vind. Sy sit die boeke almal op hul plekke, soos sy dikwels tevore gedoen het en bid die Maag Maria dat sy haar van alle kwaad moet bevry — en ook haar kinders wat sy in die huis van die weduwee so onversorg moes agterlaat.

Intussen het dit middernag geword en toe die uitwerk slaan, vat sy die klokhou en lui die mette so goed dat almal bo in die slaapsaal dit hoor en onder toe kom. Hulle het niks geweet wat daar gebeur het nie — sy was mos àl die tyd in die klooster gewees sonder enige opspraak of verwyt. Maria het vir haar gedien asof dit syself was!

So het dus die sondares tot inkeer gekom, tot lof van Maria, die hemelse Maag, wat altoos getrou, diengen wat haar liefhet, bystaan, selfs as hulle in die ergste nood verkeer.

het geen geld of kos gehad nie. Hoe kan ek 'n beeld gee van die diepe droefheid wat hul aangegegryp het, toe hul moeder sommer so wegnaak? Die medelydende weduwee het by hulle gaan sit en sé by haarsel: "Ek sal met hierdie twee kindertjies na die abdis gaan. God sal dit in haar hart gee om die beste oor hul te beskik." Sy trek hul aan en sé: "Vroue, luister tog na die nood van hierdie twee wesies. Die moeder het hul verlede nag onversorg agtergelaat en verdwyn, waarnoe weet ek nie. Hier staan die wesies sonder sorg of steun. Elk sou hulle graag wil help, maar hoe?" Toe antwoord die abdis: "Sorg jy maar goed vir hulle, ek sal jou so beloon, dat jy nooit spyt sal hé nie. Elke dag sal hulle liefdegawes kry, om Gods wil; laat iemand elke dag hier by die klooster vir hulle iets haal om te eet en te drink en laat my net weet as hulle iets nodig het. Die weduwee was toe bly, dat die saak so geskik is. Sy neem die wesies saam en sorg goed vir hulle. Die moeder, wat hulle met smart gebaar en aan haar bors gevoed het, was verheug toe sy hoor dat haar kinders, wat sy in ellende moes verlaat, goed versorg was. Nooit hoef sy meer oor hulle angs uit te staan nie.

Sy lei nou 'n heilige lewe, maar dag en nag sng sy en treur so oor die groot sonde wat sy nie kon bely en ook nie in geskrifte kon openbaar nie.

#### IX.

Die jonkvrou van wie ek vertel, is dus weer non soos vroeër. Nou wil ek nie vergeet om u een en ander te vertel nie van haar twee kinders wat sy in groot elende agtergelaat het by die weduwee se huis. Hulle

vas; dit help nikks; dis verniet dat jy jouself kasty; jy is so versmoor in die sonde, dat God daarbo in die hemel jou gebede nie hoor nie. Ek raai jou: gaan haastlik na die ab en bieg aan hom al jou sonde, sonder om iets weg te steek; laat die duivel jou nie bedrieg nie; die ab sal jou absoluus gee van die sonde wat jou hinder. Maar as jy nie wil bieg nie, sal God dit swaar aan jou wreek."

Die jongeling verdwyn uit haar oë; meer wou hy nie sê nie; maar wat hy gesê het, het sy goed verstaan.

Die volgende mōre gaan sy so vroeg moontlik na die ab en versoek hom om haar bieg van begin tot end geduldig aan te hoor. Die ab was 'n verstandige man en antwoord: „My liewe dogter, ek doen dit graag. Dink goed na oor al jou sondes en moenie een enkele vergeet nie.”

Toé gaan sy reg oor die heilige ab sit en openbaar hom haar hele lewe; hoe 'n dwase liefde haar so in die versoekking gebring het dat sy haar habyt moes afle. Op sekere nag het sy dit laat lê op die altaar van Maria, en die klooster verlaat met 'n man, aan wie sy twee kinders gebaar het. Niks wat met haar gebeur het, het sy verberg nie; al wat op die grond van haar hart lê, maak sy aan die ab bekend. Toe sy alles klaar gebieg het, sê die heilige vader: „Dogter, ek sal jou absoluus gee van die sondes wat jou beswaar en wat jy nou aan my bely het. Geloof en gebenedy moet die Moeder Gods wees!” Toé lê hy sy hand op haar hoof

29

## X.

Op sekere dag kom 'n ab (superintendent van kloosters) wat die klooster gewoonlik eenmaal per jaar besoek om te verneem of daar ook skinderpraatjies was, wat die goeie naam van die nonne tot skande kan maak.

Op die dag toe hy kom, het die sondares biddend gekniel in die koor van die kerk. Daar was 'n geweldige tweestryd in haar siel. Die duivel het haar in versoekking gebring om haar sondige verlede nie aan die ab te bely nie. Onder haar gebed sien sy hoe langs haar verbygaan, 'n jongeling in wit gewaad, wat 'n naakte kindjie in sy arm dra. Sy dag dat die kindjie weer om die kindjie te vermaak. Terwyl sy bid sien die non die spelery, en sê aan die seun: „Vriend, as dit kan wees dat jy van God gekom het, so smeek ek jou by Sy geboorte om nie vir my weg te steek nie, waaron jy vir daardie kind met so'n mooi rooi appel speel, terwyl dit dood in jou arms lê. Jou spelery baat tog mos niks.”

„Seker, non, jy praat die waarheid, en die kind weet nikks van my speletjie nie; dis dood en kan nie hoor of sien nie. Net so min weet God dat jy bid en

28

en skenk haar vergiffenis. Verder sê hy: „Ek sal jou bieг in 'n preek openbaar, maar alles so versigtig inklee, dat dit nie jou naam of dié van jou kinders ooit tot skande sal strek nie. Dit sou onreg wees om hierdie skone mirakel, wat die Here laat geskied het ter ere van Sy Moeder, te verswyg. Ek sal dit orals verkondig en hoop dat nog menige sondaar daardeur keer word en Onse Liewe Vrouwe die eer gee.“

Voor hy huis-toe gaan, het hy die klooster vertel, wat met n non gebeur het, maar wie dit was het verborge gebly. Die ab het weggyer in Gods hoede. Albei die non se kinders het hy saamgeneem. Hy het hulle die groue habyt laat aantrek en hulle het twee goeie manne geword. Hulle moeder se naam was Beatrys.

Loof God en prys Sy naam en ook Maria, Sy moeder, wat hierdie heerlike wonder laat geskied het. Sy het haar uit alle nood gehelp. Laat ons almal, groot en klein wat hierdie mirakel hoor lees, laat ons almal bid dat Maria ons voorspraak mag wees in die soetdal, waar God die wêreld sal rig!

AMEN.

¶  
W. P.-1179